



**Les 7**

**PLOOING**

**Jy moet weet:**  
 Kenmerk van plooiing;  
 Soorte plooië en  
 Hoe plooiing plaasvind.

**Bronne:**

- Die inligting op bladsy 2
- Jou handboek.
- Skandeer die QR kode of gebruik die skakel.









1	Wat is plooiing?  
2.	Bestudeer die onderstaande figuur en beantwoord die vrae deur die korrekte antwoord te kies en 'n rede te gee.  
2.1	A word genoem 'n (sinklien /antiklien)... <b>Antwoord:</b> <b>Rede:</b>
2.2	B word genoem 'n (sinklien /antiklien)... <b>Antwoord:</b> <b>Rede:</b>
2.3	C is 'n (oorplooi/ lêplooi) .... <b>Antwoord:</b> <b>Hoe word dit gevorm?</b>
2.4	D is 'n (lêplooi / oorskuifplooi)... <b>Antwoord:</b> <b>Hoe word dit gevorm?</b>
2.5	Die sterker drukkrag kom voor by E of F? <b>Antwoord</b> <b>Rede:</b>

**Jy moet die jou kennis gebruik van:**

- Verskillende tipes rotse/gesteentes
- Plaattektoniek
- Tipe plaatgrense

**PLOOIING**

Nadat jy die les voltooi moet jy in staat wees om: Die verskillende tipes plooiing te identifiseer; te beskryf hoe plooiing plaasvind en die omvang van die Kaapse Plooiberge te waardeer.

Week 4	Les 7		
<b>Wat is plooiing</b>	Wanneer tektoniese kragte aan die werk is en plate word namekaar toe gedruk, word die rotslae onder geweldige druk geplaas en saamgepers. Hierdie druk kan veroorsaak dat die gesteentes in plooiing vou.	<b>Wat is plooiberge?</b>	Dit is bergreekse wat langs die rante van kontinente gevorm word. In die Wes-Kaap is die Cederberge, Drakensteinberge, Langeberg, Swartberge en Langkloofberge almal deel van die Kaapse Plooiberge. Die hoogste piek- Seweweekspoortpiek is 2 325 m bo seevlak.
<b>Aktiwiteit met handboek</b> 	Neem 'n sagtebandboek (handboek) wat toe is -in twee hande en druk gelyktydig en eweredig na mekaar toe. 👁️ Kyk wat gebeur met die boek. -die verskillende bladsye sal die sedimentêre rotsgesteentes voorstel.	<b>Hoe word plooiberge gevorm?</b>	 <p>Plooiberge word gevorm wanneer twee plate na mekaar toe beweeg en bots. Die opeengedrukte rotslae plooi en vorm 'n reeks van plooiberge. Plooiberge word gevorm van sedimentêre gesteentes en word gewoonlik langs die rante van kontinente aangetref. Links is 'n diagram wat die vorming van die Kaapse Plooiberge uitbeeld. Die Himalajas is gevorm toe die noordwaarts bewegende Indiese plaat met die Eurasië plaat gebots het. Die Indiese plaat beweeg teen 2,5 cm per 100 jaar. Voorbeelde is Jong plooiberge – Die Rockies, Alpe en die Himalajas- Ou plooiberge – Australiese Alpe en die Kaapse Plooiberge.</p>
<b>Kenmerk van plooiing</b>	 <p>Antiklien – wanneer rotslae opwaarts plooi. Sinklien – wanneer die plooiing afwaarts buig.</p>		
<b>Tipe plooi</b>	 <p><b>Monoklien</b> dit is 'n trapagtige plooi in rotslae strata.</p>	 <p><b>Oorplooi</b> – een been is steiler as die ander as gevolg van die verskil in drukkrag.</p>	
	 <p><b>Lêplooi</b> - kom voor wanneer uiterste druk veroorsaak dat die bene amper horisontaal word.</p>	 <p><b>Orskuifplooi</b> – wanneer die drukkrag baie groot is, breek die plooi en die een been word bo-oor die ander heen gestoot.</p>	<b>Waar is die Plooiberge geleë?</b> <p>Dit word aangetref in: VSA – Rotsgebergte; Europa -Alpe; Asië-Himalajas met die hoogste piek – Mount Everest (8 850 m bo seevlak) is op die grens van Tibet, China and Nepal. Afrika word die plooiberge aangetref in Noord Afrika en Suid-Afrika so wel as Australia.</p>
	Kort video oor Plooiing: <a href="https://www.youtube.com/watch?v=XDIpz9cp4Ko">https://www.youtube.com/watch?v=XDIpz9cp4Ko</a> (1min 50 sec)	<b>Wat is die invloed van plooiberge op mense</b>	Plooiberge beïnvloed mense op die volgende maniere: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Toerisme kan belangrik wees vir 'n land bv. ski</li> <li>• Baie hidroëlektriese kragstasies word in plooiberge aangetref.</li> <li>• Landbou is beperk tot weiding vir skape en beeste as gevolg van steil hellings.</li> <li>• Bevolkingsdigtheid is laag in die streke.</li> </ul>